# SKOLEBEDIENING: Heilige Gees Deel 2

**Doel van les:**

- Ons kyk bietjie na die Heilige Gees se rol in ons geestelike lewenswandel.

**PROCESS DIE VORIGE WEEK SE LES:**
Ons het die vorige keer die les met die chopsticks gedoen, onthou julle dit nog? Ons het vir mekaar gesê dat 'n chopstick ALLEEN nutteloos, geen waarde het nie, jy kan dit nie vir veel goed gebruik nie, want dit het 'n maatjie 'n "Helper" nodig. Toe het ons gesê dat dit soos die Heilige Gees vir ons is – Hy is ons HELPER.

**Praise and worship.**

Die volgende speletjies gaan met die les te doen hê.

***Instruksie aan die leiers***:

Die INSTRUKSIE is om EERS te lees en dan die instruksies te volg, maar eintlik wil ek hê hulle moet lees soos hulle aangaan om die punt oor die Heilige Gees te illustreer. So moedig hulle eintlik aan om ***NIE*** na my te luister nie, want dis "baie leeswerk", en julle "gaan tyd mors"

- Instruksie 1 – Doen die aktiwiteit
- Instruksie 2 - Lees eers al die instruksies deur voordat julle begin

**Aktiwiteit 1:** Teken 'happy face' vir die eerste en die vierde stokmannetjie. Teken 'n 'sad face' vir die tweede en die derde stokmannetjie. Teken hare vir die laaste stok mannetjie. Teken 'n 'happy face' vir die tweede, vierde, sesde en agste stokmannetjie. Teken 'n 'sad face' vir die eerste, derde, vyfde en negende stokmannetjie. Teken hare vir die eerste en die laaste stokmannetjie. Teken skoene vir die tweede, vierde en tiende stokmannetjie.

**Aktiwiteit 2:** ***Volg die volgende instruksies:***

1. Lees eers deur al die vrae voordat jy dit so vinnig as moontlik probeer beantwoord.
2. Skryf jou naam in die middel van die papier.
3. Teken 'n hartjie bo jou naam.
4. Skryfjou van in die regterkantse onderste hoek.
5. Trek twee strepies deur jou van.
6. Teken 'n prentjie van jou gunsteling kos onder jou naam.
7. Teken 'n 'smiley face' binne in die hartjie wat jy bo jou naam geteken het.
8. Teken 'n koei in die linkerkantste onderste hoek.
9. Skryfjou gunsteling twee flieks aan die onderkant van die papier neer.
10. Draai na die een aan jou linkerkant en vra of hulle die meeste van KFC of McDonalds hou.

11. As hulle die meeste van KFC hou, teken 'n hartjie enige plek op jou blaai.
12. Staan op en sê jou naam hardop.
13. Antwoord die volgende vraag hardop: Hou jy van broccoli?
14. Doen die volgendes om op die agterkant van jou blaai: 40 x 30
15. Staan regop en tel hardop agteruit van 10 – 0.
16. Skryf jou gunsteling kleur net bokant jou gunsteling flieks
17. Trek 'n vierkant om die woord kleur in nommer 16.
18. Staan op en sê hardop vir tannie Juanita – "Ek is amper klaar met die instruksies", sodat sy kan weet wie amper klaar is.
19. Teken 'n huisie op die agterkant van jou blaai
20. Noudatjy die instruksie deurgelees het, doen net nommer 1, 2 en 19. Sit stil en moet vir niemand sê dat hulle alles doen omdat hulle nie die instruksies gevolg het nie.

- Met die eerste ysbreker was die instruksie heel maklik, volg net die instruksies soos jy aangaan. Met die tweede ysbreker was dit bietjie moeiliker, want nou moes jy BESLUIT of jy die instruksie gaan volg en of jy jou eie kop gaan volg, en of jy na jou leier gaan luister wat vir jou sê om NIE te doen wat ek gesê het om te doen nie.

- Een van die funskies van die Heilige Gees is dat Hy ons Helper is, Hy lei ons in die waarheid – so Hy sê vir jou hier binne wat om te doen of nie te doen nie, maar jy sien die saak staan nou so, die finale KEUSE of jy na Hom gaan LUISTER of nie lê by jou, en gewoonlik is daar twee stemme in jou ore – die een is die Heilige Gees sin en die een is die vyand / die satan sin, wat NIE wil hê jy moet na die Heilige Gees luister nie.

- ***Wie van julle het MY instruksie gevolg? Wat het gebeur***?
  (julle het net nodig gehad om 3 van die 20 opdragte te doen)

- ***Wie van julle het na julle LEIERS geluister? Wat het gebeur***?
  (julle het al 20 opdragte gedoen, terwyl julle eintlik net 3 hoef te gedoen het)

- ***Na wie sou dit die beste gewees het om na te luister***? Hoekom?
  (na my, jy sou minder tyd gemors het, en vinniger klaar gewees het, jy sou ook nie 'embarrassing' goed hoef te gedoen het nie)

- Partykeer klink dit wat die Heilige Gees vir ons sê om te doen nie altyd na die beste, of die maklikste uitweg nie, en dis dalk nie altyd die maklikste uitweg nie, maar dis ALTYD die BESTE uitweg. Om na die vyand die satan se stem te luister het ALTYD slegte gevolge al is dit soms die maklikste uitweg!

- Ek kan Jesus nie volg, en Sy wil doen sonder die hulp van die Heilige Gees nie. Dis soos om spaghetti met een chopstick te probeer eet – ONMOONTLIK!

**Sluit af in groepe met gebed.**